

Woensdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 13:25-33

Fokusgedeelte: Numeri 13:30

Vertrou op God se almag en nie jou vermoë nie

Die spioene het teruggekom met mooi verhale oor die beloofde land, maar hulle het ook verslag gebring van hulle vrese. Hulle het die magtige inwoners en die versterkte stede gevrees. Hulle het na hulle eie vermoëns gekyk en geglo dat hulle nie kan oorwin nie.

Deur hulle ongeloof bring hulle groot beroering onder die volk. Kaleb se antwoord druis teen die stemme van ongeloof: "Ons kan dit doen!" Dit is nie 'n antwoord vol van hoogmoed, selfvoldaanheid of selfvertroue nie. Dit is ook ver verwyder van die wêreldse idee van "Glo net in jouself". Kaleb se antwoord is een van geloof in God. Dit is gegrond in die kennis van God se openbaring van Homself. Hy dink terug aan hoe die Here hulle deur 'n sterke hand uit Egipte verlos het en Egipte se weermag in die Rooisee verslaan het. Hy dink aan sy beloftes aan hulle, sy verbondsvolk. "Ons kan dit doen" antwoord hy, "want die Here is met ons."

Dit is 'n vertroue in God se almag en nie in sy of die volk se vermoë nie. Dit is 'n vertroue wat slegs die Heilige Gees deur die beloftes van God se Woord in ons werk. Dit is 'n vertroue gegrond in Christus Jesus wat ons die krag gee om te doen wat God behaag (Fil. 4:13).

Die Here het nooit belowe dat alles net goed sal gaan met ons in hierdie lewe nie. Hy het wel belowe dat Hy alles, selfs die slegste situasie, sal gebruik tot ons voordeel. Ons weet ons moet niks vrees nie, maar as gevolg van ons swak menslike natuur het ons almal vrese. Wat dan ook jou vrese mag wees, neem dit na die Here toe in gebed en weet dat Hy jou sal help.

Sing: Psalm 46-1:1

Ds. R Janse van Rensburg (Reghard) (Lindley/Reitz)